

# DOEP-DINGE

Jaargang 1 Nr 1 30 Maart 1982 Prys: 10c






REDAKSIE

REDAKTEUR

Willem Symington

SUB REDAKTEURS

Angela Jones
Jackie van Zyl

REDAKSIE LEDE

ST. 10

Marcel Oosthuizen
Marie Cronje

ST. 9

Amorine Botha
Janine Burger
Johan Joubert
Sylvia van Zyl
Johan Grobler

ST. 8

Naomi Laubser
Lulenka Steinhäuser


---ooOoo---

## REDAKSIONEEL

Hallo aan julle patriotte

Ja, ek sê patriotte omdat julle help bou aan tradisie deur hierdie skoolkoerant te koop. Ons vertrou dat hierdie uitgawe die eerste sal wees van 'n reeks wat kwartaalliks sal verskyn.

Indien ons 'n oomblik stilstaan en terugkyk oor die kwartaal wat verby is, kan ons met genoegdoening terugkyk en sê J.J. du Preez was "groot". Die Redaksie wil dan ook almal wat hiertoe meegehelp het gelukwens. Ons spreek ook die hoop uit dat die res van die jaar ook so suksesvol sal wees.

Die Redaksie wens julle 'n aangename leertyd en vakansie toe.

Willem Symington
REDAKTEUR

## UIT DIE KANTOOR

Die verskyning van hierdie kwartaalblad is van besondere belang vir die skool aangesien dit in 'n wesenlike behoefte voorsien. Ons het baie moeite gedoen om ons leerlinge die geleentheid te bied om hulle redeneer- en spreekvermoë te verbeter en ons verkeer in die besonder gelukkige posisie dat ons leiers oral hulle man kan staan. Dit is egter ook nodig dat die persone wat 'n skryftalent ontvang het êrens daarmee sal kan woeker tot voordeel van hulleself en vreugde van ander. Hierbenewens moet dit as 'n spieëlbeeld van die skool se bedrywighede dien sodat ons in mekaar se wel en wee kan deel.

Mag daar 'n tikkie humor bykom sodat ons nie die lewe al te ernstig sal opneem nie. Mag hierdie blad ook 'n lewenskragtigheid openbaar sodat dit as forum vir die skool kan dien.

My beste wense aan die redaksie wat hard gewerk het om 'n blad van gehalte te lewer.

POSSUMUS QUOD VOLUMUS

C.R. MEINTJES
HOOF

Spotlight on Dr Meintjes

INTRODUCTION:

Few people seem to realize how priviledged J.J. du Preez has been during the past five years in that we have been able to work with a man of such outstanding calibre as Dr Meintjes. In his brief "Spotlight On" we have only been able to highlight a few of the most important moments in his life. Nevertheless, we hope that his consistantly high standards and sterling achievements will inspire others to stive towards these heights. On behalf of all the pupils of J.J. du Preez one would like to thank him for his whole-hearted involvemant in the running of our school -- a great man is always missed.....

FULL NAME: Clive Rudolph Meintjes

MODE OF TRANSPORT: Volkswagen combie, green with built in rust.

MAJOR ACHIEVEMENTS: He matriculated at the tender age of 16, having achieved the positions of captain of U- 16 rugby team and headboy. He then studied further at University of Stellenbosch. His favorite subjects were Psycology and Afrikaans which he passed with distinctions. He proceeded obtain his Teaching Diploma with distinctions and taught for 19½ years before being appointed as headmaster of J.J. du Preez. He studied further and is now a Doctor of Education. (Degrees obtained: B.A; B.ed)

ASPIRATIONS FOR THE FUTURE: Survival (with distinctions no doubt!) He would like to make available to other schools the valuable lessons learnt at J.J. du Preez.

FAVOURITE FOOD AND DRINK: T-bone Steak and Coke.

FAVOURITE TYPE OF MUSIC: Pop, Classical Pop.

MOST REWARDING MOMENTS IN HIS LIFE: Most treasured in his rememberances is the moment he met his wife who has been a pillar of support throughout their married lives. It is rewarding for him to realize that his children have accepted as their own the principles which he values most in his life. The most rewarding period in his life was the 5 years which he spent as headmaster of J.J. du Preez.

MOST EMBARASSING MOMENT IN HIS LIFE: Two weeks after having met a most attractive young lady he was required to introduce her to a friend. Unfortunately he did not, as yet, know her name.

PERSON HE ADMIRES MOST: President Steyn of the Orange Free State immediately sprung to mind. At the outset Steyn was not eager to assist Transvaal in a war against Britain. However, once he had taken up arms, he was prepared to fight to the bitter end.

MOST VALUABLE LESSONS LEARNT: In Std 1 there were 31 pupils in the good Doctor's class. Despite his age handicap, our gallant

friend and hero passed his standard; coming 30th in his class. He was awarded a medal for perseverance. His fervent interest in boxing rewarded him with a medal for being the best loser. These incidents show that although one may lose a battle in the eyes of others, it is in fact a triumph if ons has been able to rise above your own shortcomings. POSSUMUS QUOD VOLUMUS.

OTHER INTERESTS: Gardening, reading. Watching people; adults as well as children.

FAVOURITE AUTHOR: P.G. Wodehouse.

FAMOUS LAST WORDS: Not yet available.

FAMOUS FIRST WORDS: Boogie, Mama.

---ooOoo---

## DEBATSVERENIGING

Wie van ons wil nie graag ons sê sê nie? Wie van ons het nie wonderlike oplossings vir alle probleme nie? Daarom is die Debatsvereniging so 'n wonderlike geleentheid om hierdie menings te lig. Die lede van die Debatsvereniging hou debatte waar die vonke spat en redenaarskompetisies waar groot gedagtes uitkom.

Dit is egter nie al wat ons doen nie, daar word ook ontspan. Deur die verloop van die jaar sal interessante sprekers optree en sal plekke soos Nico Malan gereeld besoek word.

Die bestuur vir 1982 bestaan uit:

| | Seuns: | Meisies |
|---|---|---|
| St. 10 | A. de Jager<br>M. Oosthuizen<br>J. van Zyl<br>W. Symington | A. Gericke<br>S. Maas<br>K. Nel<br>M. Goosen |
| St. 9 | C. Smit<br>J. van Niekerk | A. Botha<br>J. Burger<br>R. Lerm |
| St. 8 | A. Engelbrecht<br>J. Swart | A. Knoetzen<br>A. Gerber |
| St. 7 | G. West | M. Bester<br>L. Thiart |

Hartlik geluk aan alle bestuurslede en sterkte met jul taak. Laaste maar nie die minste nie wil ons mnr. Burger bedank vir sy aandeel in die Debatsvereniging.

Willem Symington
VOORSITTER

--ooOoo--

She: "Will you put yourself out for me?"
He: "Sure darling, you know I will do anything for you."
She: "OK, please close the door behind you."

--ooOoo--

'n Dronkie kom baie laat tuis: Met die intrap slaan die kerkhorlosie drie-uur.
Dronkie (verontwaardig): "Toemaar, ek weet dis eenuur. Jy hoef dit nie drie maal te sê nie."

--ooOoo--

In a restaurant: "How did you find the steak, sir?"
"I just lifted up the chip and there it was!"

PSSST... SKINDERNUUS UIT ST. 9C

RIANA- Jammer ouens, dis gesensor....oeps!

JOHAN J. - " Miss, may I write about cricket for the seventh time? "

JOHAN v. N. - Waar lê die aantrekkingskrag nou? By haar of die motorfiets?

CHRISTO - Miskien die toekomstige burgemeester van Parow?

SYLVIA - Enige liefdesprobleme? Sylvia het die oplossing!

MARTIE - Mens sien darem daardie swart Cortina nou baie.

JANINE - Haar hart is soos 'n hotel, daar is plek vir baie maar hulle bly nie lank nie.

AMORINE - Daardie onderhoofseun is darem oulik, nê!

JOHANELL- Hy kan net sowel jou pa gewees het.

ALETTA - Wat het Du Preez se ouens dan nie, wat Boela het?

LOCHNER - Hy loer deesdae gans te veel na die 8A's se ry.

HERMAN B. - Hoekom stel jy deesdae so belang in atletiek?

PIERRE - Wat staan nou weer op daardie liniaal van jou?

RENé - Shame, toe moes hy maar net braai.

LEON - Alle boesmans het krulhare, maar almal wat krulhare het is nie boesmans nie.

ESTHER - Hoekom loop jy deesdae so 'n ompad om by die huis te kom.

LETITIA - Die springende atleet van ons klas - spring toe sommer een, twee, drie binne-in sy hart.

IVAN - Indien tan 50° verkry word, tref jy COOH aan by die verbinding van $NO^2$ + $CO^3$.

JOHAN G. - Hy het haar hart met 'n spies deurboor.

SCKALK - Geniet hy miskien deesdae 'n "bachelor's" lewe?

LEATITIA - Ouma kom help!

IZAK - Dit hou darem lank!

WYNAND - Hoekom gaan hy saam met die orkes België toe? Om vir hom 'n Belgiese nooi te kry.

KADETTE

Ons kadetafdeling het op 'n hoë noot met ons weksaamhede begin. Nadat die standerd ses leerlinge ingedeel was, het die kadetafdeling se werksaamhede in volle swang begin.

Die kadet-orkes saam met die trompoppies het alreeds begin oefen met die oog op die Belgiese toer wat voorlê. Die orkes het op Saterdag, 20 Maart, by die Tygerbergse Technikon met welslae opgetree.

Gedurende Desember 1981 was daar 'n opleidingskursus te Wingfield, waar van ons kadetafdeling se seuns as onderoffisiere opgelei is. Die langverwagte reperasies aan die skietbaan en magasyn het 'n aanvang geneem en sal eersdaags voltooi word.

Daar sal 'n kadetkamp plaasvind gedurende die Maartvakansie te Glencairn Rotariërskampterrein vanaf 31 Maart tot 8 April. Die kamp beloof om die kadette beter insig te gee en algemene opleiding in die weermag. Hulle sal ook leer om selfdissipline toe te pas.

Ons wil graag die kadet-orkes sowel as die trompoppies 'n aangename toer na België toewens.

Clifford Maddix
SERSANT-MAJOOR

A.C.S.V.

Die eerste naweek van die afgelope kwartaal het ek en 'n paar van die kringleiers en-leidsters 'n konferensie bygewoon. Die konferensie is in die Hoërskool Tygerberg gehou. Omtrent 8 skole was daar teenwoordig. Die konferensie was baie interessant en ons het baie geleer.

Intussen het ons nog elke Woensdag kringe gehou en Donderdae normaalklas. Ds. Ludik lei die normaalklas. Ds. Kruger het ook 'n paar keer vir hom ingestaan. Ons kringe gaan nog goed aan en ons is baie bly oor die groot aantal leerlinge wat die C.S.V. (veral die St. 6 leerlinge) bygewoon het.

Cornel Eygelaar
VOORSITTER

--ooOoo--

Boer: "Maar dis dapper van jou om af te kom met 'n valskerm in hierdie stormwind."
Kampeerder: "Ek het nie met 'n valskerm afgekom nie, ek het opgegaan in 'n tent."

--ooOoo--

What did the nappy say to the baby?
"Drop it kid, I've got you covered."

# NEW YEAR'S RESOLUTIONS FROM 10D

DAFFY DEON LOURENS Has promised to pay his school fees on time in future.

JIGSAW JENNY Is going to puzzle her own maths out for a change.

LARNEY LYNNETTE Will no longer dissect her sandwiches during Biology periods.

ADAM & HIS ANTS Resolved to take Science lessons at Angela's house on Saturday mornings. In this potentially explosive situation one wonders whether she has taught him anything worthwhile?

GALLAVANTING GARY Is intent on staying at home Saturday nights to do His ENGLISH homework.

ANTHONY Has promised CLEOPATRA (Toekies) that he will take her to the Colloseum more often.

SOLEMN CINDY Is going to stop saying "You know hey, "We do know hey We take it to bed each night to feed our nightmares.

VANISHING VANESSA Is going to leave the country for Belgium - before her parents get her report...

TORMENTING TANIA Firmly resolves to pay double school fees in order to pay for the 7 blades she breaks in jewellary each week.

CLASSY CATHY When Paul forgets to phone, says she, he will be clobbered with her knew pair of HIGH HEELS...

------------------------------

Van der Merwe het gedurende sy onlangse vakansie 500 fotos geneem, maar hy het al die skyfies weggegooi want hy sê hulle was almal onderstebo.

--ooO--

My tant Freda is beslis baie oorgewig. Sy gaan nou die dag so ŉ bietjie perdry en aan die einde van die dag het die perd 30 kilogram verloor.

--ooOoo--

A man met an old acquaintance and said: "I haven't seen you in 15 years. What have you been doing?" "Fifteen years", his friend said.

--ooOoo--

"Dis my ouma se asse hierdie."
"Haai ek het nie geweet sy's oorlede nie."
"Sy is nie. Sy's net te lui om ŉ asbakkie te gaan haal."

--ooO--

VERSLAG: DIE JUNIOR STADSRAAD VAN PAROW

Die Rotariër-klub van Parow en die Rapportkorps van Parow-area het besluit om 'n Junior Stadsraad vir Parow in die lewe te roep. Die 8 raadslede bestaan uit 2 leerlinge van elk van die volgende skole: Die Hoërskool JJ du Preez, die Hoërskool Tygerberg, die Hoër-Handelskool Tygerberg en die Hoërskool Setlers. Amorine Botha en ek verteenwoordig die hoërskool JJ du Preez.

Die vorming van hierdie raad was volgens my 'n puik idee, omdat ons as jongmense kennis maak met plaaslike bestuur en ook omdat ons daardeur óns mening oor plaaslike aangeleenthede kan lug. Lg. is werklik 'n groot voorreg.

Die eintlike doel van die Junior Stadsraad van Parow is om die kleiner dingetjies in die gemeenskap, wat ons as die jeug graag sou wou sien gebeur en wat só maklik deur die Senior Stadsraad oorgekyk kan word, onder hul aandag te bring en iets daaraan te probeer doen.

Hierby bedoel ek die volgende, om maar 'n páár voorbeelde te noem: Daar is te min speelgronde of parke in die nabyheid van sekere groepe kinders met die gevolg dat hul die straat as laaste uitweg kies wat natuurlik noodlottige gevolge kan hê. Daar is ook te min ontspanningsentrums waar die jeug hul vrye tyd nuttig kan deurbring; gevolglik word plekke soos diskoteke besoek waar die karakter, siel en gees van die jongmens heeltemal afgebreek word.

Dit is dus duidelik dat so 'n liggaam 'n noodsaaklikheid geword het in 'n gemeenskap waar die jeug aan soveel gevare blootgestel word. Ten slotte wil ek noem dat dit enige leerling vrystaan om na Amorine of my te kom as hy reken dat daar 'n belangrike saak is wat ons onder die aandag van die Stadsraad moet bring. Daardeur sal ons verteenwoordiging tot nut van die Junior Stadsraad van Parow kan wees.

Christo Smith

JUNIOR RAADSLID

--ooOoo--

Francois Coetzer loop by die dokter se spreekkamer in met 'n brulpadda op sy kop.
"Wat is die moeilikheid?" vra die dokter.
"Wel, dis omtrent hierdie moesie op my agterwêreld" sê die brulpadda.

--ooOoo--

Kennisgewing in 'n fabriek: Enige werknemer wat graag die begrafnis van 'n familielid wil bywoon, moet sy voorman die dag voor die wedstryd in kennis stel.

--ooOoo--

LANDSDIENS

"Facta non Verba" (dade nie woorde) lui die landsdiensleuse. J.J. du Preez se landsdiensklub neem beslis dié leuse letterlik op en daarom is daar dié kwartaal met 'n stewige program afgesit.

Die naweek van die 29-31 Januarie was daar 'n kamp te Jonkershoek. D.F. Malan, Paarl Gimnasium, Du Preez, e.a. was daar verteenwoordig. Die tema van die kamp was "Kaapse Fynbos". Ook moes die seuns(en meisies) hul spiere bult en wys toe almal 'n byl in die hand gestop is met die opdrag: Kap dennebome af. Daar was ± 60 singende landsdieners saam en vir handwerk kon hulle tussen leerwerk, glaswerk of skulpwerk kies. Leerwerk behels o.a. meshouers en sleutelhouers; skulpwerk behels weer die vyl van skulpies vir hangertjies.

Op Vrydag, 26 Maart, gaan 30 landsdieners die huis vir bejaardes, Huis Martina, besoek. Hulle gaan met sang en kitaar vreugde aan oues van dae verskaf. Ook sal almal, tannies en omies ingesluit, lekker volksliedjies sing. Daar is hard geoefen en hulle is oortuig dat hulle 'n sukses van die "ou takie" gaan maak. By die oefeninge het dit jolig gegaan en hulle is vol entoesiasme en sien uit daarna. Die klub gaan ook 'n ruiker oorhandig.

Vanaf 7-13 April is daar 'n streekkamp vir 200 lede van skole in die Suid-Kaap en Wes-Kaap omgewing. Die kamp is gereël deur Wes-Kaap se kultuur-beampte, oom Anton, en sal ook by Jonkershoek plaasvind. Sterkte aan almal wat Du Preez daar gaan teenwoordig!

Die komitee vir 1982 sien soos volg daaruit:
Voorsitster: Sylvia van Zyl
Onder voorsitster: Johanda Cloete
Sekretaresse: Amorine Botha
Tessourier: Andro Engelbrecht
Addisionele lid: Steven Kessel
Mnr. Rossouw, mev. van der Colf en mnr. Slabber organiseer die bedrywighede.

Kom en oortuig julle self dat landsdiens "bak" is! Die ledegeld is net 20c. Die klub beoog om vanjaar fietstoere, 'n egte boeresportdag, sangkringe, ens. te reël. Kom kyk of die bloed ( soos die geskiedenis onnies sou sê) nog soos Voortrekkerseuns en -dogters s'n kan klop!

AMORINE BOTHA
(sekretaresse)

--ooOoo--

'n Brandweer jaag verby die kroeg met sy sirenes aan. 'n Dronkie hardloop uit die kroeg en strompel soos 'n besetene agterna. Na omtrent 100 treë, val hy op sy knieë en gil; "Goed dan, hou maar jou roomyse!"

--ooOoo--

Slagspreuk op rioolwa: U riool is ons brood en botter.

--ooOoo--

## ONDERWYSER TREFFERS/STAFF'S HIT PARADE

| | |
|---|---|
| MR MEINTJIES | PRINCE CHARMING |
| MR J.F. ROUSSOUW | MONEY, MONEY, MONEY |
| MISS BERGH | PRIVATE EYE |
| MRS N. JORDAAN | ALWAYS FIND HER IN THE KITCHEN AT PARTIES |
| MR SCHREUDER | GOING BACK TO MY ROOTS |
| MR VAN DYCK | BACHELOR BOY |
| MR VAN RENSBURG | DON'T KILL THE WORLD |
| MR T. ROUSSOUW | SAVE ALL YOUR KISSES FOR ME |
| MR RODE | LONG HAIRED LOVER FROM THE LIVERPOOL |
| MR SLABBER | UNDER PRESSURE |
| MISS MOSTERT | KEN JY TANT MOSSIE |
| MISS MC INROY | GOD SAVE THE QUEEN |
| MR THERON | JORS TRULY |
| MISS LOOTS | PUPPY LOVE |
| MR BURGER | JUST A GIGOLO |
| MRS VISSER | DEVIL WOMAN |
| MR STANDER | TROMPIE |
| MRS JORDAAN | NEEDLES AND PINS |
| MR VENTER | HEAVAN IS MY MOTORBIKE |
| MR DU PREEZ | BOGGEL EN VOERTSEK |
| MR VAN ZYL | ROYAL HOTEL |
| MISS PIETERSE | GIPSY GIRL |
| MISS VAN AARDT | BABY FACE |
| MISS SMIT | PHYSICAL |
| MISS BOTHA | FOR YOUR EYES ONLY |
| MRS BRINK | BLONDIE |
| MR VAN ECK | KLEIN KAROO |
| MRS AURET | GOUD EN SILWER HET EK LIEF |
| MR VOGES | BYEBOERWA |
| MRS BEZUIDENHOUT | LIEWE HEKSIE |
| MR GEVERS | BEETHOVEN'S 5TH |
| MR MARAIS | FLASH GORDAN |
| MRS VAN DER GOLF | GUTEN LAHEN MET MUSIEK |
| MR RABE | MA SE KOS IS DIE BESTE KOS |
| MRS WESSELS | STAYING ALIVE |
| SECRETARY | RINGING MY BELL |

These are teacher's hits for the year. All names and places have been changed for certain reasons. If perhaps yours has not been changed, report to the editors-who as you will find have left for England.

ANONYMOUS

--ooOoo--

Mnr. Burger staan op die perron en kyk hoe die trein die stasie binnekom
Mnr. Burger: "Is dit my trein?"
Stasiemeester: "Nee, dit behoort aan die SAS.
Mnr. Burger: "Moenie probeer snaaks wees nie, ek bedoel of dit die trein is wat ek na Kraaifontein moet neem."
Stasiemeester: "Dis regtig nie nodig nie, daarvoor het ons n lokomotief."

--ooOoo--

ATLETIEK

Ons atletiek is hierdie jaar deur heelwat nuwighede gekenmerk. Eerstens het ons besluit om nie vanjaar aan die Ko-ëd op Groenpunt deel te neem nie. Hierdeur het die standaard van ons interne byeenkomste verbeter.

Tweedens is daar vanjaar vir die eerste keer 'n Eerstejaarsbyeenkoms gereël waar junior-atlete soos Jaco Conradie, Johannes Oosthuisen, Amelia Roland, Elmarie van Noordwyk en Anne-Marie le Roux baie goed presteer het. Ons hoop om in die toekoms nog baie van hierdie atlete te sien en te hoor.

Derdens het ons vanjaar ook vir die eerste keer ons atlete wat presteer het tydens die Kleurebyeenkoms geldelik vergoed.

Hierdie gebruik het algemeen byval gevind en grootliks tot gevolg gehad dat baie goeie prestasies gelewer is.

Meer as twintig nuwe rekords is opgestel en Oranje het vir die eerste keer in 'n lang tyd gewen. Baie geluk aan Oranje. Baie geluk ook aan Kevin Paskin en Letitia Smith, ons beste senior atlete en Elamrie van Noordwyk en Anton van Tonder wat die beste juniors was.

Na die Kleurebyeenkoms het ek , Mej. Bergh, mnr. Voges en mej. Smit voortgegaan om van die atlete voor te berei vir die NSPA-kampioenskappe en die Tyger-Burger Prestige-byeenkoms. Die Tyger-Burger Prestige-span het effens teleurstellend gevaar en kon slegs 15de eindig uit 23 skole. Heelwat atlete is egter vir die NSPA-span gekies. Die WP Junior-kampioenskappe het Jaco Conradie baie goed gevaar deur 'n derde plek te behaal in die gewigstoot vir seuns onder 14.

Aan almal wat hard gewerk het aan hierdie sport, baie dankie.


J.P. Stander

..0-0..


Aantreklike jongman aan meisie: "Weet jy, elke keer as jy glimlag wil ek 'n afspraak maak met jou."
Meisie: "Ag, maar jy's romanties."
Jongman: "Nee, ek is 'n tandarts."

--ooOoo--

Koos en 'n vriend speel gholf toe 'n begrafnisstoet verby kom. Koos sit dadelik sy gholfstok neer en haal eerbiedig sy hoed af. "En nou Koos," vra sy vriend "jy doen mos nie gewoonlik so iets nie?"
"Ek weet, maar ek was darem dertig jaar met getroud,antwoord Koos.




en




Die volgende onderwysers gaan die skool aan die einde van die kwartaal verlaat:

Mnr. Theron:

Hy het gematrikuleer aan die Hoërskool J.J. du Preez en het daarna sy opleiding aan die Wellingtonse Opleidingskollege gekry. Hy het toe vir 'n tyd by Sanlam gewerk. In 1963 het hy 'n pos by J.J. du Preez aanvaar.

Mnr. Marais:

Mnr. Marais het aan die Hoërskool D.F. Malan gematrikuleer. Hierna het hy aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer waar hy sy B.Sc-graad verwerf het. In 1979 het hy hom by J.J. du Preez aangesluit. Hy het in dié jaar deeltyds gestudeer en sy H.O.D.-graad deur UNISA verwerf. Mnr. Marais gaan hom nou by KRYGKOR in Transvaal aansluit.

Hierdie onderwysers het hulle aan die begin van die kwartaal by ons aangesluit:

Mnr. van Eck:

Mnr. van Eck het aan die Hoërskool Van Rhynsdorp gematrikuleer. Hierna het hy sy B.A. deur die Universiteit Stellenbosch gekry. Gedurende die tydperk wat hy aan die Hoërskool Settlers verbonde was, het hy deeltyds aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer en sy B.Ed-graad verwerf. Hy is toe by die Hoërskool Williston aangestel as Departementshoof. Aan die begin van die kwartaal is hy aangestel as Departementshoof by J.J. du Preez.

Mnr. Russouw:

Hy het in 1970 aan die Hoërskool Swartland gematrikuleer. Hy het na sy militêre diensplig aan die Universiteit Stellenbosch gestudeer en sy B.Com-graad in 1974 verwerf. Daarna het hy vier jaar lank by die Nasionale Boekdrukkery in Parow gewerk. In 1979 het hy sy H.O.D. verwerf, en hy was tot verlede jaar aan die Hoërskool Tuine verbonde. Mnr. Russouw gee handelsvakke.

Mej. Smit:

Sy het haar matriek aan die Hoërskool Tygerberg geslaag en vir vier jaar gestudeer aan die Universiteit van Stellenbosch. Mej. Smit is 'n Liggaamsoefening-onderwyseres.

Mev. Wessels:

Mev. Wessels het by die Hoërhandelskool Oudtshoorn skoolgegaan. Daarna het sy vir vier jaar aan die Kaapse Technikon en die Universiteit van Stellenbosch gestudeer in die handelsrigting.

BAIE DANKIE aan Mnr Theron en Mnr. Marais vir hulle dienste.

BAIE WELKOM aan al die nuwe onderwysers wat darem seker teen hierdie tyd al goed tuis is by ons.

Voorspoed Aan Almal

----- oOo-----

Spietkop: "Jy het oor die rooi lig gery. Ek beboet jou met R100."
Mnr."Marais: Ek is maar net 'n onderwyser."
Spietkop: "Onkunde is geen verskoning nie."

Mnr. T. Russouw stap by 'n non verby wat sukkel om oor 'n besige straat te kom. Hy let haar probleem op en spring om haar te help. Skaam-skaam bedank sy hom.
Mnr. Russouw: "Ag dis sommer niks. Enige vriend van"Batman" is 'n vriend van my.

Mev. Loots: Cornel, wat is die teenoorgestelde van "vreedsaam"?
Cornel Eygelaar: "Vreet allen", juffrou.

Gehoor van die nare nagmerrie wat Mnr. Schreuder gehad het. Hy het gedroom dat hy 'n reuse "Marsh-Mellow" eet. Toe hy wakker word, was sy kussing skoonveld.

Twee Vaderkrismisse stap Desembermaand in die straat af.
Vraag: Watter een is Mnr. Jordaan?
Antw: Die een wat die paaseiers by hom het.

Wat gebeur as Juf. van Aardt eendag tot sterwe kom?
Antw: Sy ontbind in faktore.

Toe Mnr. van Dyk die tandarts se spreekkamer binnekom, is hy so benoud dat die tandarts hom eers moet kalmeer. Hy bring ook sommer 'n botteltjie brandewyn tevoorskyn en skink 'n dop vir Mnr. van Dyk. Drie glasies later kyk Mnr. van Dyk net reg. "Nou voel jy seker braaf genoeg né?"
Mnr. van Dyk: "Dis verseker, wys my nou net die ou wat aan my tande durf vat.

"My vrou is 'n engel" sê mnr. Venter aan 'n vriend. "Jy's gelukkig," sê die vriend. "My vrou leef nog."

--ooOoo--

Mnr. Voges: "My vrou maak my lewe ondraaglik. Sy hou drie bokke in ons slaapkamer aan. Dit ruik vreeslik."
Vriend: "Nou hoekom bespuit jy nie die plek met Aerosol nie."
Mnr. Voges: "Nee ek kan nie. My konyne kan die reuk nie verdra nie."

--O--

Mev. Brink en haar man gaan kuier op die platteland en beland iewers langs die pad agter n trop skape. Terwyl hulle teen n slakkepas voortbeweeg, sê mev. Brink vies: "n Skaap is darem n dom ding."
Mnr. Brink: "Ja, my lam."

--O--

Mnr. du Preez se vrou: "Skat, ons baba het vannag twee tande gesny."
Mnr. du Preez: "Sien jy, daar het jy dit nou. Hoeveel maal het ek jou nie al gesê om nie die met n mes te laat speel nie?"

--O--

Mr. Slabber said when his first child was born: "Typical, they've forgotten the teeth."

--O--

Klerk in die poskantoor nadat hy n pakkie geweeg het: "Mevrou, u het te veel seëls op die pakkie geplak."
Mev. Visser: "O jinne, ek hoop nie hulle gaan dit nou te ver stuur nie."

--O--

The other day I asked Mr Voges whether he was paid weakly. "Ja,"he replied, "very weakly."

--O--

Mnr. Frans van Zyl was baie diep in die skuld. Eendag, stuur een van sy krediteure n rekening aan hom waarop die volgende staan: "Hierdie rekening is nou presies een jaar oud."
Mnr. van Zyl stuur die rekening onbetaald terug met die volgende bygevoeg: "Baie geluk, mag daar nog vele wees!"

--O--

Mr J.F. Roussouw: "Have'nt I always been a fair father to you?"
Son: "Well, let's say fair to poor. Try and be fair to good for a change."

--O--

Toe mnr Rhoode in Amerika was het hy een keer in die hof beland omdat hy nie die verkeersreëls nagekom het nie.
Hy is daarvan beskuldig dat hy in die verkeerde rigting gery het in n eenrigtingstraat. Daar is aan hom gevra waarheen hy gery het. Mnr. Rhoode: Ek kan nie meer onthou nie, maar dit het vir my gelyk of ek te laat was, want almal was aan die terugkom.

TENNIS

Waar die tennis einde verlede jaar uit 'n gemengde span bestaan het, is die ligawedstryde hierdie kwartaal tussen afsonderlike seuns en meisiespanne in die B-liga beslis.

Seuns

Ons seunsspan het nie juis veel hoop op 'n suksesvolle seisoen gehad nie, aangesien die gemengde dubbelspel nie so goed verloop het nie.

Ons het egter goed afgesit met 'n oorwinning oor President. Ook J.G. Meiring en die Hoër Handelskool Parow het in die stof gebyt.

Met die vooruitsig van 'n plek in die einstryd het ons Settlers aangedurf. Dié baie sterk span het ons hoop om die eindstryd te haal, vernietig. Ook D.F. Malan het ons die loef afgesteek. (Terloops, D.F. Malan het byna meer tennisspelers as wat J.J du Preez leerlinge het.)

Ons het egter vergoed vir ons twee swak vertonings deur behoorlik met Thornton af te reken.

Johan Joubert
KAPTEIN

Meisies

Alhoewel die meisies-tennisspan nie een van hulle wedstryde kon wen nie, dink ek het die meisies groot vordering getoon en het ons baie nuwe talent ontdek onder ons meisies. 'n Groot deel van hierdie vordering veral by die speelsters in die span is moontlik gemaak deur Mev. Loots, ons afrigster. Ons moes soms maar in moeilike omstandighede wedstryd speel, maar ons het ons goed van ons taak gekwyt.

Mirda Goosen
KAPTEINE

In die geneel was dit 'n bevredigende seisoen. Die J.J. du Preez-tennisspelers het hul goed van hul taak gekwyt. Ons dank aan die afrigters wat soveel tyd aan ons bestee het, mnr. Marais, mnr. Russouw en mev. Loots. Mag J.J. du Preez van krag tot krag gaan.

--ooOoo--

Die man wat al dikwels met die gereg deurmekaar was staan voor die preekstoel terwyl die doopformulier gelees word. Toe die leraar vra: "Wat is jou antwoord?", sê hy ingedagte: "Skuldig u Edelagbare."

--ooOoo--

DIE IDEALE ONDERWYSER

Miskien het u al voorheen kennis gemaak met die volgende tienpuntplan vir goeie onderwys wat deur iemand opgestel is wat ongetwyfeld die belange van sowel leerlinge as onderwysers in gedagte gehou het.

1. Kry eers u leerling in 'n goeie stemming. Dit kan maklik gedoen word deur die eerste helfte van die periode uit die klas te bly.

2. Eis nie te veel van u leerlinge nie. Hulle staan genoeg gedurende pouses, en hoef dus nie op te staan wanneer u die klas binnekom nie. Van te veel staan kan hulle plat voete kry.

3. Besit 'n veelsydige belangstelling. Bewonder die kinders se belangstelling. Gesels dus eers 'n bietjie oor rugby, netbal en oor die nuutste modes en motors.

4. Wees konsekwent in u bevele. Versoek die leerlinge om nie hul boeke oop te maak nie, maar dit net uit te haal.

5. Die inleiding moet aangrypend wees. Moenie begin vrae vra nie, veral nie oor die vorige dag se huiswerk nie. U leerlinge mag dink dat u agterdogtig is en twyfel of dit wel deeglik gedoen is.

6. Kweek aangename optrede voor die klas aan. Praat sag en eentonig. Wanneer die leerlinge u met half toe oë aanstaar, besef dat hulle dan diep dink en nie lomerig voel nie. Verlaat die klaskamer op u tone sodat u nie leerlinge in hul diepe denke steur nie.

7. Draai u rug met tussenposes na die klas om te laat blyk dat u u leerlinge vertrou, en weet dat hulle nie van die geleentheid gebruik maak om die innerlike mens te versterk nie.

8. Moet nooit die fout maak om briefies te onderskep nie. U leerlinge mag dink dat u nuuskierig is.

9. Vertel dieselfde ou grappies oor en oor. Dit sal u leerlinge die kans gee om hul voor te berei om aan die einde daarvoor te lag.

10. Besoek geen ouers nie, want dit sal hulle die gewisse lyding van koffiemaak bespaar.

KRIEKET

Ons krieket seisoen het dié jaar vroeër as gewoonlik begin met ons opmars na die Noorde. Die toer was baie aangenaam. Sommige van ons het byna genoeg kos saamgeneem op die heenreis: 18 snye brood, 'n meter wors, tien frikkadelle, een tamaai skaapboud afkomstig vanaf Rietvlei en sommer nog baie ander, insluitende 'n paar liters koeldrank. Die ster van die heenreis was egter 'n "boy scout" genaamd "Speedo"! Hoekom? Wel, bly stil en moenie vrae vra nie.

Ons het ons krieket ook ernstig benader. Ons het op die toer self ook nog 'n paar stywe oefeninge ingeryg. Hoe ons gevaar het? Wel, laat ek dit so stel: Die Transvaal weet van die klein skooltjie met die groot krag in die Kaap. Ons het al ons wedstryde gewen, behalwe twee waar donderweer ons beroof het van oorwinnings.

Terug op die tuisfront is daar vanjaar natuurlik weer die WPNS liga-kompetisie. Van die twee jaar wat die kompetisie gespeel word, het J.J. du Preez albei kere in die eindstryd gespeel. Ons het in 1980 teen Tygerberg gewen en in 1981 teen President verloor...ook maar net! Vanjaar is die derde agtereenvolgende jaar wat ons in die eindstryd speel. Dus...drie uit die drie.

Ons het H.H.H. en HTS verslaan. Ons het Tygerberg met 10 lopies (ja, dit was 'n spannende wedstryd) in die halfeindronde verslaan. Dit was elf verligte manne wat die veld verlaat het! Met die val van die laaste paaltjie het 'n "blas outjie" (Mnr. van Dyk moet my korrigeer as ek fouteer!) met een lang kreet die wêreld laat verstaan dat Du Preez weereens geseëvier het!

Ons teëstanders in die eindronde is D.F.Malan of Durbanville. Die uitslag van hulle halfeindronde was met ter perse gaan nog nie beskikbaar nie.

Marcel Oosthuizen
1ste span kaptein

--ooOoo--

A Russian political prisoner standing in front of a firing squad is asked by the sergeant if he has any last words.
"Yes I have. Tell Bresjnjef I say he is a no-good, rotten, stinking dictator."
The sergeant gave him a very stern look and said: "Comrade, are you looking for trouble?"

Tronkbewaarder aan die veroordeelde in die elektriese stoel:
"Is daar nog iets wat ek vir jou kan doen?"
"Ja, hou asseblief my hand vas."

## SKINDERNUUS

Het Charl dalk 'n ogie op 'n meisie in 10A? Want deesdae is hulle mos Mirda se teiken.

As st. 8 dames darem al op matriekseuns se koppe sit, word dit 'n treurige verhaal. Arme De Wet kan nie eens meer België toe gaan nie, want dit dra nie Ansa se goedkeuring weg nie. Is sy dalk bang 'n Belgiese poppie steek haar die loef af.

## BELANGRIKE AANKONDIGINGE

Enige belangstellendes wat grypdiewe wil word, Malinda en Petra gee gratis lesse. Demonstrasies word uitgevoer gedurende pouses op toffie-appels.

Die 2 boesemvriende Pip en Gideon het ontaard in 2 aardsvyande. Toekies laat weet ons jou resep.

Alle fotogeesdriftiges, ons het 'n nuwe model in ons skool. Alle belangstellendes kontak die St. 10C-klas.

Stephnie, hoekom daal jou punte so geweldig? Is dit dalk 'n army-ROT se skuld?

Marie: Om te dink dat hy haar al sover gekry het om oefeninge ook te doen.
Johanda: Arme Kallie het die trekpas gekry.
Letitia: Met die verloofde lewe gaan dit blykbaar voor die wind.
Sunette: Is Willem dalk die oorsaak van jou ongesteldheid op Maandae?
Malinda: Vasbyt! Julie 1983 is naby.
Petra: Hoe vorder die liefde by die Grand?
Karin: Wanneer laas van Werner gehoor?
Annemarie: Verlang jy nog na JO'Burg?
Helmien: Wat hoor ek van 'n beer met 'n oorverhitte brein?
Sarah: Ai, mens mis darem die rooi Mini né!
Henriette: Die nuwe ontwikkeling in 10A.
Chris: Wie sou ooit kon dink hy sal so 'n casanova uitdraai.
Fourie: Wat 'n wonderlike kapsel!
Theresa: Oorweeg jy dit nie dalk om Tygerberg toe te gaan nie?
Salomé: Kyk die man by die skaatsbaan darem al in jou rigting? MOEDHOU!
Christo: Spuit jou hare; dan hoef jy nie so baie te kom nie.
André: Stemprobleme is darem nou iets van die verlede.
Marthina: Ek wonder wat gaan aan in daardie blou Volksie?
Ronelda: Hoekom stel jy in die laaste tyd so baie belang in orrels?
Madeleine: Wie sou kon dink dat die grensweduwee so getrou sou bly. Wonder vir hoe lank nog. VASBYT!
Sarie: Is 'n matroos dalk die oorsaak dat jou punte so daal?

---ooOoo---


VUURTJIE

Vuurtjie knetter en die knatter,
helder in die maan se lig.
Dansend op die kole nader,
lek-lek aan die donker rug.
Vurig warm is die vlam
van die dodelike vuur.
En dit bring verligting
in die donker mid`nag uur.

Geel, oranje liggies goud,
skiet die vonke hoog na bowe.
Dit troon van die wêreld's behoud,
wat sy krag hierin laat belowe.
Houtstompe gloeiend rooi,
oë wat na buite staar.
Ligter, donkerder verkleur die stompe,
waarskynlik groot gevaar.

Knetterende geluid, hoorbaar in die nag,
eet-eet aan die stilte.
Vlamme sluit om die donker,
wat net laat hoor, sugte.
Vuur, skenk warmte, embleem van warmte,
daagliks aan ons nietig mense:
Sonder krag en sonder mag,
want dit was een van Sy wense.

AMORINE BOTHA
13 jaar




DAVID TAYLOR
STD 6D

THE INVISIBLE MAN

Dereck and his gang were very puzzled. The gang consisted of four boys who were all between the ages of fourteen and sixteen. In the past they had solved a few mysteries which were not too difficult to solve, but this mystery was a puzzle indeed. Dereck, who was the leader of the gang, had had a telephone call from his rich uncle who lived a few kilometres from San Fransisco. His uncle owned one of the best known jewellery shops in the city. His uncle reported that a very valuable watch had been stolen.

Uncle William said that the only people that had come in that morning were a young couple who had come to buy an engagement ring, but they did not look at all suspicious. The four boys decided to go and see Dereck's hysterical uncle. The boys searched every possible corner, but all was in vain. They asked Uncle William for the address of the couple. The couple lived in Vista Point which was very near the city.

All four boys had their own flying cycles and went to look for the address given. They rode down a shabby alley and looked for no. 31. An old frightened woman opened the door slightly and peered out. Dereck asked for Mr Kleynhans and the woman's eyes bulged hugely at the sound of the name. "Please," the woman said, "my son is bad and if he knows you came here, he'll beat me!"She then told them to go away and slammed the door in their faces.

The boys were more puzzled than ever.Why had the woman acted so strangely? As the boys were leaving on their bikes, a black saloon swept passed and halted in front of no. 31. The boys, out of sight behind a building, watched as a well-built man rushed up the walk to the front door. He disappeared for a few minutes into a house and then rushed out again. As he jumped into the car, a piece of white paper fluttered out of his pocket.

After the car had disappeared, Harry, one of the boys, ran foward and picked up the paper.When he came back to the place where the boys were standing, his eyes were shining like diamonds. The following was written on the paper: "Meet you in Sea View Road, San Fransisco, 11 o' clock sharp. Have some loot. Invisible." The boys stared at the paper dumbfoundedly.

As expected, the boys decided to go and see what was going to happen in Sea View Road that night. At ten to eleven the four boys were crouching behind a high bush. At eleven o' clock they turned round to see a small fat man coming down the road. In the meantime the black saloon had drawn up by the kerb in front of the bush. Everything was quiet.

The men spoke to each other in soft tones for about ten minutes. The man who owned the saloon then went to the boot and took out a parcel. The boys decided to call the police. Dereck told Jeff and John to go quietly and fetch the police.A few minutes later John and Jeff and two policemen arrived silently. The men then decided to leave!

The two policemen then grabbed the fat man. The man struggled,but they held him tightly. The boys looked for the car owner, but he had disappeared. A few seconds later the saloon left with its headlights piercing the darkness. The strangest thing was that no one was driving the car...

MARGARET COSTA
STD 7D




GEBRUIK TIME-MIX HORLOSIES

WAS: R2.99 vir 'n bossie van 3

NOU: MIN ONS EKSKLUSIEWE AFSLAG VAN $33\frac{1}{3}\%$

SLEGS ~~R1.00~~ ~~R1.53½~~ R1.99 [OOK BESKIKBAAR: BETROUBARE CRASHIO REKENAARS]